NG Gemeente Worcester-Audenberg

Medewerkers van God
Gehoorsaam Sorg-saam Dien saam

Baie welkom by vanoggend se erediens 8 Maart 2020

Skriflesing is 1 Kor 12:12-31 met vers 27 as teksvers.

Tema: Die Kerk in Bybelse perspektief.

Daar bestaan baie misverstande oor die kerk. Sommige daarvan is baie skadelik, selfs gevaarlik! Kom ons maak seker ons siening klop met dié van die Bybel. Dan sal ons die toekoms hoopvol en eensgesind kan tegemoetgaan!

Kalender

Maart ~
20 - Skole sluit
27-29 - #Imagine Jeug Kamp
31 - Skole heropen

ONS VERWELKOM DS UYS THERON WAT VANDAG DIE EREDIENS WAARNEEM.

Meelewing

* Elsa Bruwer is in die hospitaal

DEUROFFERS

1 Maart
Dowe Familiekerk - R2 187,30

Vandag: *Toevlug*

Volgende Sondag: *Studentebearbeiding*

SKRIF VERSTAAN
HOE LEES MENS DIE BYBEL?

11, 18 & 19 Maart 2020

Spreker: Prof Louis Jonker
Tyd: 19:00
Plek: Worcester-Vallei Kerksaal

NEEM ASSEBLIEF KENNIS!

Ds G.P. is vanaf Woensdag 11 Maart tot Saterdag 14 Maart afwesig vir 'n kursus. Gee asb enige krisisse deur na die selnommer van die kerk -

063 686 6381

Ons sal dit na die regte mense verwys.

Neem asseblief ook kennis dat die kerkkantoor Vrydag 13 Maart gesluit sal wees.

Nuwe intrekkers en besoekers

Baie welkom by ons!
Aan die hand van ons ankerteks; 2 Kor 6:1-13 wil ons graag lewe en groei as Medewerkers van God wat groei in gehoorsaamheid aan God, versorgend vir mekaar en diensbaar in die Koninkryk. Vul asb die groen vormpie (by die deure beskikbaar) in en kom val saam met ons in in hierdie wonderlike roeping.

Alle tieners!

#imagine

Hou 27-29 Maart oop, kry jou pelle bymekaar en maak jou reg vir 'n groot fees! Meer info volg later.
Navrae intussen by
Ebeth Hanekom ~ 074 484 4858

BASAAR 2020

TOMBOLA

Ons soek asseblief legkaarte, storieboeke, sagte speelgoed en ander **heel, bruikbare** speelgoed vir ons tombola tafel by die basaar.

Bring asb na die Kerkkantoor of kontak Marietjie Fouché 082 820 0439

Worcester reik uit na Mosambiek

Die Ring van Worcester beplan weer vanjaar 'n uitreik-aksie na Songo in Mosambiek. Dit vind gedurende die winter skoolvakansie van 11 Junie tot 30 Junie plaas. Daar word beplan om onder andere bouwerk te doen en poppekas te hou. Volwasse lidmate, studente en senior hoërskoolleerlinge is baie welkom om saam te gaan.
Belangstellendes kan Johan Blomerus by 082 829 7342 kontak of ds G.P. of hulle kontakbesonderhede by die kerkkantoor inhandig.

De la Bat Basaar
29 Februarie 2020

Dankie Here! Dankie vir n geleentheid soos De la Bat Basaar waar ons weereens diensbaar kon wees! Dankie almal vir elke stukkie help!! Jy kan dalk dink dis net n koek of kolwyntjie of n kontantbydrae, maar dit bly Koninkrykswerk!

Ons het die mooi bedrag van R6000.00 inbetaal. As die Here wil maak ons volgende jaar weer so.

Kontak ons ~

Haarlemstraat 15, Worcester 6850
Tel: 023 342 1776 Sel: 063 686 6381
Faks: 023 342 2040
E-pos : admin@audenberggemeente.co.za
Web: www.audenberggemeente.co.za
Gaan like ons facebook bladsye—
Audenberg NGK en Audenberg Jeug

Like

Die pad vorentoe

Tydens die kerkraadsvergadering van Donderdagaand het die kerkraad die pad waarop ons as God se medewerkers is, verder bedink.
Daar is besluite geneem oor strukturele skuiwe sodat ons almal beter kan BEHOORT, VERSORG WORD, GROEI en DIEN.
Maak seker jy is hier volgende Sondag om meer inligting hieroor te kry en te weet hoe dit jou raak.

Ons dink weer oor ons musiekbediening.

Elmari, ons orrelis, voel geroep om meer te fokus op 'n musiekbediening met die blinde kinders en verlaat ons in Junie.

Al die voorsanggroepe en sommer almal met 'n liefde vir musiek, word genooi na 'n gesprek om 19:00 op Dinsdag, 17 Maart, oor die vereistes vir die musiekpos wat nou geadverteer moet word.

Vir navrae, skakel ds G.P.

YOCO kaartmasjien & SnapScan

Goeie nuus! Die kerkkantoor het nou 'n kaartmasjien! Neem asb die vrymoedigheid om jou maandelikse bydrae, tiende maand dankoffer, etekaartjies ens op hierdie manier te betaal.

Dan het ons ook nou SnapScan - 'n gerieflike en maklike manier om bv. Kollekte te gee of enige ander betaling te doen. Om SnapScan te gebruik is die volgende nodig:

1. Download die SnapScan app op jou foon deur Google Play Store of die App store
2. Registreer jou epos adres en vul jou besonderhede in
3. Vul jou kaartbesonderhede in of scan jou kaart
4. Kies jou pin nommer
5. Jy is gereed om betalings te maak!
6. Kliek op die kamera in die middel onder
7. Scan die QR kode
8. Kies jou bedrag
9. Druk jou pin in en die betaling is deur!

Snap here to pay

SnapScan

Verjaarsdae ~
Baie geluk aan almal wat hierdie week hul verjaarsdag vier!

Noemnaam	Verjaar	Noemnaam	Verjaar
Morné Hansen	03/08	Suné Kilian	03/12
Theunis Jordaan	03/08	Amoré Kriel	03/12
Spaans Pieterse	03/08	Wouter van der Vyver	03/12
Annamarie Viljoen	03/08	Marthinus van Rhyn	03/12
Kalie Barnes	03/09	Felicity Scotts	03/13
Bianca Pretorius	03/09	Dawie Strauss	03/13
Pierre Roux	03/09	Elmeleen Swanepoel	03/13
Gerhard van der Merwe	03/09	Elza Taylor	03/13
Mariné Steenkamp	03/10	Reyneke Adriaanse	03/14
Fanie Terblanche	03/10	Mardene Boshoff	03/14
Dreyer du Randt	03/11	Malena de Wet	03/14
Alec Rossouw	03/11	Elizabeth Gerber	03/14

<u>Neem asb kennis</u>:

Volgens nuwe wetgewing mag die kerk geen kontak-besonderhede van lidmate publiseer of uitgee aan derde partye nie.

Indien jou besonderhede nie hier verskyn nie of nie korrek is nie, kontak asb die kerkkantoor.